**Die pasga en die fees van die ongesuurde brood**

**Eks 11:1-12:14**

**31 Maart 2024**

1. Vantevore: Doel met die plae was dat die farao moes leer dat die Here die enigste, almagtige Here is wat in die land is. Die farao se harde hart het sy hele menswees geaffekteer. Enersyds het die Here sy hart verhard om sodoende agting af te dwing. Andersyds het die farao self sy hart verhard, deurdat die Here hom toegelaat het om homself te wees, en hy al die geleenthede om hom te bekeer van die hand gewys het.
2. Die konteks waarbinne die pasga ingestel is (Eks 11:1-10)
    a. Tiende plaag sal suksesvol wees om die volk te laat trek
    b. Tiende plaag = dood van die eersgeborenes in Egipte
    c. Verskille tussen plae 1-9 en plaag 10:
        - 10de plaag sal die Egiptenare suksesvol dwing om die volk te laat trek
        - Geen simboliese handelinge in 10de plaag nie – net die Here in beheer
        - Eerste keer wat die volk iets moes doen om nie getref te word nie
3. Die instruksies van die Here rakende die pasga (Eks 12:1-14)
    a. Dit is die pasga van die Here (v11) – weereens openbaar die Here Homself
    b. Detail instruksies:
        - Eerste maand van jaar, 10de dag – kies paaslam, 14de dag – slag paaslam
        - Vereistes vir paaslam: 1 jaar oud, skaap of bokram, sonder gebrek, in verhouding tot grootte van gesin
        - Prosedure: slag teen laatmiddag, smeer bloed aan deurkosyne, braai die paaslam, eet saam met ongesuurde brood en bitter kruie, niks laat oorbly nie, eet met heupe omgord, sandale aan, wandelstokke gereed – haastig
    c. Die Here sou oplet na bloed aan deurkosyne
    d. Pasga was herinnering aan verlossing uit Egipte
4. Die fees van die ongesuurde brood (Eks 12:15-20)
    a. 7 dae: vanaf 14de tot 21 ste dag van eerste maand
    b. Geen suurdeeg eet nie, gewyde byeenkoms op dae 1 en 7
    c. Gedenk hoe die Here leërafdelings uit Egipte bevry het
5. Die betekenis van die pasga en die fees van die ongesuurde brood
    a. 1 Kor 5:7-8 – Christus = Paaslam, suurdeeg = kwaad, boosheid, ongesuurde brood = opregtheid, waarheid
    b. Heb 11:28 – Viering van pasga was geloofsdaad (vgl v 21, 28)
    c. Pasga/Ongesuurde brode = tipe van regverdigmaking deur geloof en heiligmaking
    d. Eerste maand – aanduiding van die begin van 'n nuwe lewe
    e. 1 Pet 1:18-19 – paaslam moes sonder gebrek wees, kosbaar – gesinsgrootte vs paaslam, niks laat oorbly nie
    f. Haastig en gereed – pad van heiligmaking lê voor
    g. Eersgeborenes: Israel is die Here se eersgeborene, Jesus is die Here se Eniggeborene
    h. Ander NT verwysings: Joh 1:29, Luk 22:15-16, Op 5:5-6
6. Die oorgang van die pasga na die nagmaal
    a. Jesus gekruisig op paasfees, nagmaal ingestel met pasga-ete
    b. Verandering nodig: Ware Paaslam eenmalig geslag, geen verdere paaslam nodig nie
    c. Tydens nagmaal eet ons steeds die liggaam van die Paaslam
    d. Geloof is steeds voorvereiste (1 Kor 11:29)